

GENETIESE KOPPELING

Genetiese koppeling word bereik deur die gebruik van gemeenskaplike vaars (KI-Bulle) oor kuddes. Om diere uit verskillende omgewings te vergelyk, moet kuddes sommige prestasie aangetekende nageslag van gemeenskaplike diere hê (gewoonlik gemeenskaplike vaars), wat gebruik word as 'n maatstaf van een kudde teenoor 'n ander. Genetiese koppeling is ook belangrik binne kuddes sodat diere wat in verskillende jare gebore is en in verskillende kontemporêre groepe groot geword het met mekaar te kan vergelyk. Binne kudde verband verskaf koppelbulle koppelings tussen kontemporêre groepe en die moeders kan bykomende genetiese koppeling oor jare verskaf.

Voorbeeld van hoe om koppelings te bewerkstellig:

Jaar & Bulle Gebruik			
2014	2015	2016	2017
KI Bul A	KI Bul A	Kuddevaar D	Kuddevaar E
Kuddevaar B	Kuddevaar B	Kuddevaar E	Kuddevaar F
Kuddevaar C	Kuddevaar D	Kuddevaar F	KI Bul B

Veronderstel die volgende 3 bulle - KI Bul A, Kuddevaar B en C - word in die 2014 dekseisoen gebruik. In 2015 besluit u om nie Kuddevaar C te gebruik nie, maar wel Kuddevaar D. Dus word KI Bul A en Kuddevaar B steeds gebruik en so word koppelings binne en tussen kuddes bewerkstellig vir die jare 2014 en 2015. Wanneer daar nie 'n KI Bul ter sprake is nie kan koppelings steeds bewerkstellig word deur een van die kuddevaars wat in vorige jaar gebruik is weer saam met die nuwe kuddevaars gebruik, soos gesien in die jaar 2016. As daar in die volgende jaar weer 'n KI bul beskikbaar is kan hy weer saam met kuddevaars van die vorige jaar gebruik word.

Vir meer inligting gaan na <http://sbts.une.edu.au/pdfs/TTMay15.pdf>